

almal verstaan

Afrikaans

W Mentz



MACMILLAN

Leesboek

4



Almal verstaan

**Afrikaans
Huistaal
Graad 4
Leesboek**

W Mentz



Almal verstaan Afrikaans Huistaal Graad 4 Leesboek

© W. Mentz, 2012

© Illustrasies en ontwerp Macmillan South Africa (Pty) Ltd, 2012

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag sonder skriftelike verlof van die kopiereghouer of in ooreenstemming met die Kopieregwet, 1978 (soos aangepas) gereproduseer word of gestoor word in 'n ontsluitingstelsel, of in enige vorm of deur enige elektroniese middel weergegee word nie, hetsy fotokopiering, plaat- of bandopname. Enige persoon wat enige ongemagtigde optrede uitoefen in verband met hierdie publikasie mag onderhewig wees aan kriminele vervolging en siviele eise om skadevergoeding.

Eerste uitgawe 2012

14 16 18 17 15 13
2 4 6 8 10 9 7 5 3 1

Uitgegee deur
Macmillan South Africa (Pty) Ltd
Privaatsak X19
Northlands
2116
Gauteng
Suid-Afrika

Geset deur Future PrePress
Omslag deur: Gallo Images
Omslagontwerp deur: Deevine Design
Illustrasies deur: Greenhouse cartoons

e-ISBN: 9781431022267

ISBN: 9781431013074

WIP: 4219M000

Dit is onwettig om afskrifte te maak van enige bladsy van hierdie boek sonder toestemming van die uitgewers.

Die uitgewer het elke poging aangewend om die kopiereghouers van die materiaal wat in hierdie boek gebruik is, op te spoor. Indien ons per abuis enige materiaal oorgesien het waarop daar kopiereg is, sal ons met graagte by die eerste moontlike geleentheid die nodige reëlins tref om die nodige erkenning te gee. Die uitgewer wil ook die geleentheid gebruik om die organisasies en individue wat ons reeds genader het, te bedank, in afwagting op hul finale toestemming.

Inhoud

Tema 1	Lees 'n kortverhaal	Net betyds	2
Tema 2	Lees 'n inligtingstek (nuusberig)	Papegaai ken sy adres Die modebewuste jakkals	6 7
Tema 3	Lees 'n legende	Waarom Volstruis se nek so lank is	10
Tema 4	Lees 'n instruksionele teks	Maak 'n mandjie	14
Tema 5	Lees gedigte	TV-kyk Dokter Johannes se lawwe rate	18 19
Tema 6	Lees 'n inligtingstek (kaart)	Dennie se dorp	22
Tema 7	Lees 'n kontemporêre storie	Die ongeluk	27
Tema 8	Lees 'n mite	Waarom Jagluiperd so vinnig kan hardloop	33
Tema 9	Lees 'n instruksionele teks	Rysvlokkie-diertjies	38
Tema 10	Lees 'n biografie	Josef se verhaal	41
Tema 11	Lees 'n informatiewe teks	Renosters word bedreig	44
Tema 12	Lees stories	Oupa en Sipho	48

Tema 13	Lees informatiewe tekste (grafiek en tabel)	Die kermis	54
Tema 14	Lees 'n drama en 'n rympie	Wense wat waar word	58
Tema 15	Lees 'n kontemporêre storie	Geen skool nie!	64
Tema 16	Lees 'n geskrewe dialoog	Wagter die held!	80
Tema 17	Lees informatiewe tekste	Koel nuwe uitvindings	87
Tema 18	Lees 'n storie, soos 'n fabel	Leeu en Muis Mier en Sprinkaan	90 91

Lees 'n kortverhaal

'n Kortverhaal is 'n kort storie wat 'n mens vinnig lees.

'n Titel is die opskrif of die naam van die storie. Dit vertel ons meer oor dit wat ons gaan lees.

Kyk vinnig na die titel van die storie wat julle nou gaan lees.

- Wat dink jy beteken die titel?
- Waaroor dink jy gaan die storie?
- Wat kan jy aflei uit die prente?
- Lyk dit vir jou na 'n interessante storie? Gee redes vir jou antwoord.

Wanneer jy die volgende storie lees:

- dink na oor hoe die mense in die storie voel
- dink ook hoe die storie jou laat voel.



Het jy geweet?

Tongknopers warm 'n mens se tong op.

Dit help jou as jy hardop moet lees.

Lees die volgende tongknoper so vinnig as jy kan.

Wie weet waar Willem Wouter woon?

Willem Wouter woon waar Wies wasgoed was.



Net betyds

Lennie hou nie van skool nie. Almal terg hom omdat hy altyd laat is.

Hy staan te laat op in die oggende.
Hy kom te laat by die skool aan want
dit reën so baie en hy hou nie daarvan
om nat te word nie.
Hy werk te stadig en gee sy werk
te laat in.
Hy dwaal rond gedurende pouses
en kom dan te laat by sy klas aan.

Almal noem hom al ou Lennie Laat.
Dit maak hom baie ongelukkig.

Een reënerige dag, net na pouse, glip
hy weg en klouter die koppie agter die
skool uit. Hy hou daarvan om alleen daar bo
onder die oorhangrots te gaan sit en dink. Dis
stil en hy kan ver oor die vallei uitkyk tot daar
waar die son ondergaan. Dan vergeet hy van
almal se tergerly en spottery.

Hy maak sy oë toe en verbeel hom hy is in 'n
wonderwêreld waar niemand hom spot nie.

Skielik hoor hy 'n snaakse geluid. 'n Geluid wat
hy nog nooit vantevore gehoor het nie. Dit klink
soos iets wat kraak of breek.

Hy dink aan die groot dam bo-op die koppie waar
hy altyd gaan visvang. Dis reg bokant hom! Die
skool is net onder hom!





Lennie spring op en hardloop so al wat hy kan teen die koppie af. Hy val en struikel. Dan spring hy op en hardloop weer.

Toe hy by die hek van die skool kom skree hy: “Die dam se wal is besig om te breek. Gee pad!”

Hy hardloop tot by die hoof, meneer Smit se kantoor en skree sover as wat hy gaan. “Gee pad! Gee pad! Die wal breek!”

Meneer Smit het nie ’n oomblik gearsel nie. “Hardloop so vinnig as wat julle kan,” skree die hoof sodat almal hom hoor. “Los alles net so en hardloop so vinnig as wat julle kan!”

Almal spring op en hardloop om uit die water se pad te kom. Hulle was net betyds.



’n Ruk later toe die skool weer reggemaak is roep meneer Smit vir Lennie verhoog toe. “Kinders, vandag sê ons baie dankie vir Lennie wat ons almal se lewens gered het. Lennie het ons net betyds gewaarsku. As dit nie vir hom was nie, was ons vandag almal dood.”

Van daardie dag af was Lennie altyd betyds.

Vrae


1. Wat beteken die volgende woorde? Gebruik 'n woordeboek indien nodig.
“oorhangrots”, “wonderwêreld”, “struikel”, “geaarsel”, “net betyds”
2. Hoeveel keer word Lennie se naam in die leesstuk gebruik?
3. Laat gly jou oë oor die leesstuk en soek al die woorde wat begin met 'n “l”. Hoeveel kry jy?
4. Hoeveel woorde begin met 'n “s”?
5. Hoe dink jy het Lennie gevoel toe die ander kinders hom geterg en gespot het?
6. Het iemand jou al ooit geterg? Waaroor was dit en hoe het jy gevoel?
7. Het jy al iemand geterg of geboelie? Hoe het jy agterna gevoel?
8. Maak jou boek toe en vertel vir jou maat die storie. Ruil om en vertel dit weer.



Ek het die storie beter verstaan omdat ek na die titel en prente gekyk het.

Het jy geweet?

- Alle lewende dinge het water nodig.
- 'n Tsunami is 'n reuse golf. In 2004 het meer as 230 000 mense gesterf as gevolg van 'n tsunami.



Flou grappie

Stem oor die foon: Lennie kan nie vandag skool toe kom nie.

Skoolhoof: Wie praat?

Stem: Dis my pa wat praat.

Lees 'n inligtingstek (nuusberig)



In 'n koerantberig kry ons inligting oor iets wat gebeur het.

Wie in julle huis lees koerant? Hoekom?

Ek konsentreer op die inligting.

Wanneer 'n mens 'n nuusberig in 'n koerant lees moet 'n mens goed konsentreer. Hoe meer 'n mens konsentreer, hoe beter onthou jy wat jy gelees het. Iemand wat nie goed konsentreer nie, lees stadig en vergeet maklik wat hy of sy gelees het.

Oefen nou om goed te konsentreer wanneer jy die volgende koerantberiggies lees.

Begin deur eerste na die opskrifte en die prente te kyk. Waaroor dink jy gaan die twee beriggies?

Het jy geweet?

As jy 'n miljoen velle koerantpapier op mekaar stapel, sal dit 32 verdiepings hoog wees.

Flou grappie

Wat kry jy as jy 'n papegaaie met 'n duisendpoot kruis? 'n Walkie-talkie



Papegaai ken sy adres

Polien die papegaai is nie dom nie. Toe hy verdwaal het, kon hy aan sy redders sê wat sy naam en adres is.


Polien se eienaar, Willemien, het met hom in hulle tuin gesit toe hy skielik besluit het om 'n entjie te gaan vlieg.

“Ons het drie dae lank na Polien gesoek, maar ons kon hom nêrens kry nie. Ons het gedink hy het verdwaal!” het Willemien gesê.

Intussen het die polisie vir Polien gekry en na 'n veearts toe geneem.

“Aan die begin was hy bietjie skaam. Na omtrent tien dae het hy skielik begin sing,” het die veearts gesê. “Hy het oor en oor die volgende woorde gesing:”

“Ek is Polien van Skoolstraat nommer tien!
Ek is Polien van Skoolstraat nommer tien!”



Toe kon die veearts Polien terugneem na Willemien toe. Willemien sê dit het Polien omtrent 'n maand geneem om sy naam en adres te leer.

Het jy geweet?

Sommige papegaaië dans wanneer hulle vrolike popmusiek hoor.

Die modebewuste jakkals



Wie hou nou van ander mense se stink skoene? Dis wat die mense van 'n klein vissersdorpie aan die Weskus gewonder het, toe hulle skoene skielik van hulle stoepe af verdwyn het.

“Ek het gisteraand nog my werkskoene op die stoep gelos om droog te word. Vanoggend was dit skoonveld,” het Moegamat gesê.

“Ja, my sandale het ook verdwyn,” het sy dogter Rihana gesê. “Almal sê ek het dit iewers vergeet, maar ek het nie. Dit was hier op die stoep!”

Almal was onder verdenking: die bure, stout kinders en selfs rondloperhonde.

Maar toe kry 'n visserman 250 skoene naby 'n gat waarin 'n jakkals woon. Die jakkals was al die tyd die skoendief.

Die skoene is in die dorpie uitgestal en almal kon hulle skoene kom haal.

Het jy geweet

'n Mens kry skoene wat van plastiek, leer, hout, kurk, materiaal, rubber en papius gemaak word.



Vrae

Papegaai ken sy adres


1. Wie dink jy het vir Polien geleer om sy naam en adres te sing?
2. Was dit 'n goeie plan gewees? Gee 'n rede vir jou antwoord.
3. Waarom dink jy het die polisie vir Polien na 'n veearts toe geneem?
4. As jy 'n troetelpapegaai het, wat sal jy hom leer? Gee redes vir jou antwoord.



Omdat ek goed gekonsentreer het, kan ek al die vrae beantwoord.

Die modebewuste jakkals

5. Waarom dink jy het die mense van die vissersdorpie hulle skoene op die stoep gelos voor hulle in hul huise ingegaan het?
6. Wat dink jy wou die jakkals met die skoene doen?
7. Wat beteken die woorde: "Almal was onder verdenking"?
8. Het jy al ooit 'n klein hondjie gehad wat aan een van jou skoene gekou het? Waarom dink jy doen hulle dit?



Het jy geweet?

Jakkalse is net soos honde. Hulle hou daarvan om aan skoene te kou – veral leerskoene. Hoe stinker die skoen, hoe beter.

Flou grappie

Wat noem mens 'n hond wat in die son lê?
'n Warmbrak

Lees 'n legende

Het jou oupa of ouma al vir jou 'n storie vertel van iets wat baie jare gelede gebeur het? Was dit 'n ware storie of 'n lekker verbeeldingstorie?

'n Legende:

- is 'n verhaal wat nie waar is nie
- dra gewoonlik 'n boodskap oor soos byvoorbeeld om 'n goeie vriend te wees
- se karakters is gewoonlik diere
- word deur een geslag aan 'n volgende oorvertel.

Lees die volgende legende en dink oor die boodskap wat dit oordra. Kyk eers na die opskrif en die prente. Waaroor dink jy gaan dit?



Het jy geweet?


Volstruise:

- kan tot 70 kilometer per uur hardloop
- kan 50 jaar oud word
- is die grootste voëls op aarde
- kan tot 140 kilogram weeg.



Waarom Volstruis se nek so lank is

(’n Sotho legende)



Lank gelede het Volstruis ’n normale nek gehad, net soos ander voëls. In daardie dae was Volstruis en Krokodil groot vriende. Maar Krokodil was ’n skelm dier! Hy het net sy kans afgewag.


“So ’n vet groot volstruis sal darem ’n lekker middagete maak,” het hy stilletjies gedink.

Eendag is Krokodil baie honger. Hy het lanklaas ’n bokkie gevang. Al die diere weet dit en bly ver van hom af.


Maar Volstruis dink. “Krokodil is mos my vriend. Hy sal my nie vang nie!” Hy stap rustig nader na waar Krokodil in die sonnetjie lê en bak.

Krokodil loer vir hom met sluwe skrefiesoë. Toe hy naby is, sê Krokodil vir Volstruis. “My liewe vriend. My tand is vreeslik seer. Ek dink daar sit ’n stukkie vleis daarin vas. Sal jy asseblief kyk of jy dit kan sien en dit dan sommer vir my uithaal?” En hy maak sy bek wyd oop.

“Alte seker my goeie vriend. Ek sal maak of ek jou tandarts is,” sê Volstruis vriendelik. Volstruis buk voor hom en steek sy kop tot diep in Krokodil se bek. “Ek sien niks. Waar is dit seer?” vra hy daar diep in Krokodil se mond.



“HAP!” klap Krokodil se bek toe.



Volstruis skrik hom boeglam en probeer sy kop uittrek. Maar Krokodil hou so al wat hy kan. Hy begin Volstruis water toe sleep sodat hy hom kan verdrink en dan opeet.

Maar Volstruis is 'n groot en sterk voël. Hy slaan sy pote in die grond en trek so al wat hy werd is. Nie een wil laat los nie.

Tre-e-k! Tre-e-k!

Volstruis se nek word al langer en langer maar hy hou nie op nie. Hy weier om op te gee.

Na 'n lang ruk word Krokodil moeg en maak sy bek effens oop. Volstruis voel dit en vinnig ruk hy sy kop uit Krokodil se kake.

“Jou aaklige vriend! Hoe kon jy dit aan my doen! Ek sal jou NOOIT weer vertrou nie!” skree hy. Hy hardloop so vinnig as hy kan daar weg.

Van daardie dag af het Volstruis 'n lang, slap nek en hy bly ver weg van water waar daar krokodille is.



Vrae

1. Soek vinnig deur die storie en skryf al die woorde neer waarin die volgende klanke voorkom: *ui*, *ei*, *ie*, *oe*, *oo*, *aa* en *uu*.
2. Was Krokodil 'n goeie vriend? Gee redes vir jou antwoord.
3. Wat beteken die sin: "Hy het net sy kans afgewag."
4. Wat is die hoogtepunt van hierdie legende.
5. Hoe behoort 'n goeie vriend op te tree? Noem ten minste drie dinge.
6. Hoe dink jy het Volstruis oor die vriendskap gevoel. Verduidelik jou antwoord.
7. Lees weer die legende. Dink dan wat die hoofgedagtes is en skryf dit neer.
8. Vertel die legende in jou eie woorde vir jou maat. Laat jou maat ook die legende vir jou vertel.



Ek kan die storie oorvertel omdat ek verstaan wat ek gelees het.

Het jy geweet?

- 'n Wyfievoulstruis kan tot 20 eiers lê waarop sy en die mannetjie saam broei.
- Die mannetjievoulstruis sit gedurende die nag op die eiers, terwyl die wyfie in die dag daarop sit.
- Volstruise sluk baie klippies in wat help om hulle kos te verteer.




Lees 'n instruksionele teks

Wanneer 'n mens instruksies lees van iets wat jy wil maak, is dit baie belangrik om op die benodigdhede en die aanwysings wat gegee word te konsentreer.

Dink net wat sal gebeur:

- as jy gom op die verkeerde plek smeer



- of die aanwysings in die verkeerde volgorde uitvoer.

Hier is 'n belangrike wenk wat jou kan help.

- Gebruik woorde soos *hoeveel*, *wat*, *hoe*, *waar*, *wanneer*, *waarmee* en *hoekom* en vra jouself vrae soos byvoorbeeld:
 Hoeveel het ek nodig?
 Wat kom eerste? En volgende?
 Hoe moet ek dit doen?
 Waarmee moet ek dit doen?
 Waar moet dit geplak word?
 Wanneer moet ek dit aanheg of vasplak? Ensovoorts.

Lees nou die volgende instruksies aandagtig deur.

Maak 'n mandjie

Jy benodig:

- 1 liter-vrugtesaphouer (vierkantig met blink foelie aan die binnekant)
- Skêr
- Houtgom
- Kramdrukker
- Akrielverf
- Blinkers of krale
- Lekkers of koekies

Aanwysings:

1. Sny die vrugtesaphouer in die helfte deur. Die een deel word die basis van jou mandjie.



2. Knip 'n strook uit drie kante van die ander helfte. Jy gaan dit vir die handvatsel gebruik.

3. Kram die handvatsel aan die kante van die basis vas. Sorg dat die blink kant na binne is.



4. Verf die buitekant van die mandjie met akrielverf in jou gunstelingkleur.



5. Maak blomme of skoenlappers van afvalstukkies. Verf dit in verskillende kleure en plak dit met houtgom aan jou mandjie vas. Versier dit verder met blinkers of krale. Jy kan selfs 'n strik van lint daaraan vasplak.



6. Sit gekleurde sneespapier onder in jou mandjie. Maak dit vol met jou ma se gunstelinglekkers of -koekies.



7. Gee dit op haar verjaarsdag vir haar.

Het jy geweet?

Omtrent 80% van die goed wat ons elke dag weggooi, kan weer gebruik word. Ons kan dit byvoorbeeld gebruik om presente te maak.

Vrae

1. Sonder om weer na die aanwysings te kyk, sê vinnig vir jou maat:
Wat het jy nodig om die mandjie te maak?
Hoe maak en versier mens dit (verduidelik stap vir stap)?
Waarom sal 'n mens so 'n mandjie wil maak?
Vir wie kan 'n mens dit gee?
2. Gestel die volgorde van die instruksies is verkeerd, wat sal gebeur?
3. Wat beteken die volgende woorde: “instruksies”, “aanwysings”, “basis”. Gebruik 'n woordeboek.
4. Dink jy 'n mens kan ook 'n plastiek melk- of koeldrankhouer gebruik om 'n mandjie te maak? Verduidelik vir jou maat hoe om dit te doen.
5. Dink jy jou ma sal daarvan hou as jy vir haar 'n handgemaakte present vir haar verjaarsdag gee? Gee redes vir jou antwoord.
6. Hierdie present is van afvalmateriaal gemaak. Dink aan nog drie ander presente wat van afvalmateriaal gemaak kan word.



Dit is maklik om te verstaan as mens die aanwysings volg.



Het jy geweet?

Die gemiddelde huisgesin gooi elke jaar ongeveer 270 glasbottels, 450 blikkies, 300 tydskrifte en koerante, 50 kilogram plastiek en 70 kilogram groenteskille weg.

Lees gedigte

Gedigte en liedjies het baie keer woorde in wat met mekaar rym. Dit beteken die woorde klink dieselfde, soos byvoorbeeld:

aap	rok	sang
skaap	sok	bang
raap	trok	vang
slaap	hok	tang
na-aap	kok	slang
gaap	bok	wang
kaap	dok	gang

Wanneer mens 'n gedig of liedjie lees, lees mens dit met gevoel. Dit beteken jy moet jou stemtoon verander en met jou gesig wys wat jy lees. Almal moet kan hoor en kan sien of dit 'n treurige, opgewekte of spokerige gedig is.

Lees die volgende gediggies saggies vir jouself. Lees dit dan vir jou maat en gebruik jou stem en gesig om jou gevoelens te wys.



Het jy geweet?

Daar is sommige woorde wat met geen ander woorde rym nie, byvoorbeeld die woordjie “baie”.


TV-kyk

Faan is nie 'n dom pampoens,
maar al wat hy wil doen
is TV-kyk van vroeg tot laat!
Sy pa word nou 'n bietjie kwaad!

“TV is 'n wonder ding,
maar wat van speel en spring?”
“Kom,” sê hy “Ons skop 'n bal”
maar Faan sit net vasgenael.

Van al die baie TV-kyk
begin sy oë al soos pierings lyk!
Sy maag is vet, sy bene seer.
Hy het glad geen maatjies meer!

“Kom nou Faan, dis nou tyd,
om iets anders te doen as TV-kyk!
Daar's beter dinge om te doen.
Nou word jy net 'n lui pampoens!”



Dokter Johannes se lawwe rate


Vir seerkeel Drie druppels warm aasvoëlbloed
 'n Lepel heuning maak dit soet
 Gooi 'n bietjie visolie by
 dat dit maklik in jou keel afgly!



Vir wonde Sit rysmiervlerke op die wond
 Saam met hare van jou hond
 Loop drie dae daarmee rond
 En siedaar, dis gesond!



Vir muskietbyte Kry 'n akkedis se spoeg
 Net 'n bietjie is genoeg
 Meng dit met 'n lepel wyn
 Smeer dit aan – die jeuk verdwyn!



Vir blink hare Neem die vet van 'n krokodil
 Smeer aan jou kop en lê dan stil.
 Spoel dit af met terpentyn
 Dit sal kroes, maar pragtig skyn.



Vir bloedneus Vat rissiepoeier en pampoensop
 Smeer dit aan jou agterkop
 Jou hare sal woes begin te groei,
 en jou neus sal nooit weer bloei!



Vir oorpyn Meng 'n likkewaan se spoor
 met 'n koppie bruinasyn.
 Gooi 'n druppel in jou oor
 en die pyn sal gou verdwyn.



Vrae

TV-kyk

1. Wat is die hoofgedagte van hierdie gedigjie?
2. Wat dink jy beteken die woord “vasgenael”?
3. Soek al die woorde wat rym in die gedigjie.
4. Hoeveel ure per dag kyk jy TV? Dink jy dis te min of te veel? Gee ’n rede vir jou antwoord.
5. Noem vier dinge wat jy dink Faan liefers moet doen as om heeldag TV te kyk.



Ek hou van gedigte. Dit lees so lekker.

Dokter Johannes se lawwe rate

6. Dink jy Dokter Johannes is regtig ’n dokter? Gee redes vir jou antwoord.
7. Verdeel die volgende woorde in lettergrepe: *aasvoël*, *bloed*, *heuning*, *musketbyte*, *seekoemis*, *pampoensop*, *leespoeg*, *akkedis*, *krokodil*, *rysmiervlerke* en *likkewaan*.
8. Hoe laat hierdie lawwe rate jou voel? Gee redes vir jou antwoord.

Lawwe feite!

Baie lank gelede het mense geglo:



- Paddasop help vir kinkhoes.

- Gesigwas veroorsaak tandpyn.



- Perdebygif help vir tandpyn.

